31 Julie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 21

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe…

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings
Sinodaal

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Die *Kerknuus* word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.

Voorblad

Rassisme: Doen die kerk genoeg?

Die kerk het net een manier om alle vorme van ontmensliking van ander te bestry en dit is om die waardes van die evangelie van Jesus Christus te verkondig en uit te leef. Die kerk kan nooit tevrede wees dat hy genoeg gedoen het nie, daarom kan ons nooit ophou om die evangelie te verkondig en mense op te roep tot bekering nie. Ons moet toegee dat daar onder 'n vorige apartheidsbedeling, asook in die huidige bedeling, wel kerklidmate kon en kan wees wat hulle aan bepaalde vorme van rassisme skuldig gemaak het en dit nog steeds doen. Ons moet ook erken dat die kerk in die verlede deur sy stilswye en/of handelinge die indruk kon wek dat bepaalde praktyke wat teenoor mense diskrimineer, gekondoneer word. Die Hervormde Kerk het hom egter reeds sedert die tagtigerjare by meer as een geleentheid teen diskriminasie en rassisme uitgespreek en in 1998, tydens 'n Algemene Kerkvergadering, dit opnuut bevestig en mense wat hulle aan rassisme skuldig gemaak het, opgeroep tot berou en skuldbelydenis.

Wat egter kommerwekkend is, is dat daar in die huidige bedeling 'n vlaag van neo-rassisme aan die opwel is. Die kerk moet met nog groter erns hierdie verskynsel in eie geledere bestry. Dit help egter nie dat ons dit net na binne probeer bestry, terwyl daar in die samelewing praktyke is wat rassisme aanvuur nie. Ons moes tog almal uit die geskiedenis geleer het dat enige praktyk wat rassisme kan aanwakker, teengestaan moet word. Soos wat werkreservering in die vorige bedeling teenoor mense gediskrimineer het en tot rassisme aanleiding gegee het, gebeur dit nou in omgekeerde vorm met onoordeelkundige regstellende aksie. Net soos gedwonge segregasie humeure laat opvlam het, gebeur dit ook met gedwonge integrasie, omdat dit in albei gevalle mense die reg van vrye assosiasie ontneem. In die verlede het die voertaal op skole tot opstande en geweld gelei. In die huidige klimaat waar die reg tot moedertaalonderrig in baie gevalle in gedrang kom, lei dit ook tot weerstand en voorvalle van rassisme. Die feit dat wit op swart rassisme op sensasionele wyse deur die media gedra word en hewige reaksie uitlok, terwyl voorvalle van swart op wit rassisme, soos wrede plaasmoorde en verkragtings, dikwels stilswyend net deel van die statistieke word, stimuleer die nuwe vlaag van rassisme.

Doen die kerk genoeg? Nee, die kerke, gemeenskapsorganisasies en elkeen wat 'n invloed kan uitoefen, moet uit een mond alle praktyke wat rassisme aanwakker en enige vorm van rassisme ten sterkste veroordeel.

— Prof Theuns Dreyer

Kerknuus

BEROEPENUUS

►Beroep ontvang
Ds Robert Jones van Oudtshoorn (deeltyds) na Kriel

►Beroepe aanvaar

- **Ds Johan du Preez** van Welgelegen-Pietersburg na Van der Hoff
- **Ds Marna van der Westhuizen** na Ogies (deeltyds)
- **Ds Marthinus van Staden** van Swartkop na Gaborone
- **Ds Dirk van Rooyen** van Krugersdorp-Wes na Carletonville

►Beroep bedank
Dr Estelle Scheepers van Kempten (deeltyds) na Barberton

NUUS OOR PREDIKANTE

Ds Rika van Staden

► Vroulike predikante
Ds Rika van Staden, beroepafwagtende predikant, het verlede week gesprek gevoer met die Moderamen oor die situasie van vroulike predikante in die Kerk. Vroulike predikante beleef onder meer dat hulle oor die hoof gesien word wanneer gemeentes met volledigversorgde standplase beroep. Vroulike predikante het reeds bewys dat hulle net so goed soos manlike predikante in gemeentes funksioneer. Die Moderamen het toegegee dat vroulike predikante baie goed funksioneer en beskou die huidige korps vroulike predikante as baanbrekers om die weg vir vroue in die predikantsamp oop te maak.

Die volgende statistieke oor vroulike predikante is deur die sekretaris voorgehou:
Daar is tans 'n totaal van 60 vroulike predikante. 6 dien in volledigversorgde standplase, 11 in deelsorgstandplase en 18 in deeltydse standplase; 3 werk in standplase waar hulle vir besondere opdragte benoem is, 3 is tans in die buiteland, 1 is met voltydse studie besig, 1 is 'n dosent by die Universiteit van Pretoria en 17 is beroepafwagtend. Daar is tans 407 manlike predikante wat 87,15% verteenwoordig en die 60 vroulike predikante verteenwoordig 12,85% van die predikantekorps.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

Onlangs het 'n hele paar vroulike predikante beroepe ontvang. Heelparty is beperk tot 'n bepaalde dorp waar hulle eggenote werk en kan eintlik nie verskuif nie. Die Kommissie het verder voortdurend vroulike predikante tegemoet gekom om hulle van standplase los te maak wanneer eggenote verplaas word in hulle werk.

Inderdaad is vroulike predikante vir die Hervormder Kerk belangrik en in baie gevalle, soos by studentegemeentes, is hulle werk onontbeerlik.

Terug na Voorblad

► **Ds Stefan Hoffman** het verlede Sondag met groot hartseer afskeid geneem van Gemeente Warmbad, waar hy sedert sy ordening netjiese en opbouende werk gelewer het as opvolger van dr Daan van Wyk(sr). Ds Hoffman beweeg na Port Elizabeth na 'n deeltydse standplaas en is vol moed om saam met die gemeente en kerkraad te werk om die standplaas mettertyd te wysig na volledige versorging. Daar is groot dank vir sy besondere gesindheid en roepingsbewustheid. Hy word op Sondag 10 Augustus in Port Elizabeth ontvang en in sy amp bevestig.

►**Ds Fanie Hoffman**, predikant van Waterberg, het besluit om sy aansoek om vervroegde emeritaat terug te trek. Daar is groot dankbaarheid in sy gemeente, in die ring en in die Kerk vir dié verstandige besluit. Ds Hoffman word sterkte toegebid vir sy werk tot op 65.

►**Ds JW Calitz,** voormalige predikant van Westonaria, is by die Junievergadering van die Kommissie uit sy amp onthef.

BEDIENINGSNUUS

■ **Vakante standplase**
Die volgende inligting oor vakante standplase is deur die sekretaris van die Kommissie aan die Taakspan deurgegee:

Vakante volledigversorgde standplase	13
Vakante deeltydse standplase wat kan beroep	18
Vakante deeltydse standplase wat nie kan beroep nie	14
Totaal van 45 vakante standplase	

Dit is duidelik dat die Kerk reeds in 'n tekort aan predikante inbeweeg het. Die sekretaris is besig met volledige navorsing oor dié saak.

■ Die Moderamen het by sy vergadering op 24 Julie die aansoek van **Gemeente Verwoerdburg** om die skep van 'n tweede deeltydse standplaas hanteer. Dr Jan Vorster staan reeds vir jare in die een deeltydse standplaas, en die volledigversorgde standplase word beman deur ds Frikkie Viljoen en dr Jaco Beyers. Die gemeente het ook 'n aantal benoemingstandplase en is die gemeente in die Kerk met die grootste getal predikante. Twee van die predikante, ds Wilhelm Steyn wat nou in die ooste van Pretoria woon en ds Dawie du Plessis wat die beroep na Wonderboom-Suid aanvaar het, het onlangs die gemeente verlaat. Daar is ook twee emeriti en een of twee 'los' predikante wat lidmate is van die gemeente.

■ **Gemeente Pretoria-Wes** het voorlopig toestemming ontvang om uitstel van sy beroepswerksaamhede, aangesien die ringskommissie besig is met beplanning in die ring wat ook ander gemeentes in die omgewing van Pretoria-Wes insluit. Die Taakspan sal waarskynlik betrek word om met die beplanning te help.

■ **Gemeente Olifantsfontein** het in alle ywer begin met die oprig van 'n kerkgebou te Midstream. Die gemeente het reeds die erf betaal en 'n lening aangegaan vir die oprig van die gebou. Lede van die Raad van Finansies en Moderamen het onlangs besoek by die bouperseel afgelê, en steun word aan die projek toegesê. Ds Andorette Greyling is predikant van die gemeente en inisieer saam met 'n aantal baie aktiewe lidmate die projek. Die verwagting is dat die gemeente vinnig sal groei met as voedingsgebied 'n hele aantal sekuriteitsdorpe. Die kerkraad en gemeente word seën en sterkte toegebid met die projek.

Ds Andorette Greyling

Terug na Voorblad

■ **NHK WITPOORTJIE 50-JARIGE FEES**

Gemeente Witpoortjie is hierdie jaar 50 jaar oud en almal word genooi om die heuglike gebeurtenis saam met die gemeentelede te vier. Die feesvieringe sal soos volg verloop:

- 31/08/08 om 09:00 — Voorbereidingsdiens (ds Andries Nel) en dankoffergeleentheid.
- 05/09/08 vanaf 18:00 — Kampvuurgeselligheid met kunstenaars.
- 06/09/08 vanaf 08:30 — Karnaval, stalletjies & osbraai. Verhuring van stalletjies @ R100 per stalletjie. Osbraaikaartjies beskikbaar @ R40 per persoon.
- 07/09/08 om 11:00 — Erediens gelei deur ds Martyn Redelinghuys en Nagmaalbediening waargeneem deur vorige predikante van die gemeente.
- 14/09/08 om 09:00 — Dankseggingsdiens gelei deur ds Rassie Smit.

Kontakpersone: Hermann & Fienie Piater (082 445 0402); Kobie & Miemie Wolmarans (011 762 6372 / 082 492 4794); Susan & Dolf Koekemoer (011 955 2933); Willie & Petro Matthews (011 664 6526 / 084 206 2655); Anna-Marie Seyffert (083 391 9898); Gerhard & Rudi de Witt (084 508 3314 / 079 496 0037) & ds Andries & Lottie Nel (011 762 1633 / 083 228 2338).

Advertensies en kennisgewings

● **OTTOSDAL-OESFEES BERGFIETSWEDREN**

DATUM: Saterdag 16 Augustus 2008
Tyd: 10:00-14:00
Plek: Wegspring op Oesfeesterrein Ottosdal. Roete oor die rooi rantjies om Ottosdal
Afstande: 42 km, 21 km, 10 km
Inskrywings kan vooraf per e-pos of faks gedoen word. Lyninskrywings ook vanaf 08:00-09:45
Navrae en inskrywingsvorms: Theuns 082 928 3688 of e-pos: frikkiesmith@yahoo.com
Kom tem die rooi rantjies om Ottosdal oor historiese terrein, terwyl die gesinslede wat nie ry nie kan ontspan en rondstap by die Oesfees op die terrein. Hierdie wedren groei elke jaar in getalle en is een van die beste in die weste!

● Gemeente Randburg, in samewerking met **BARNYARD Theatre Cresta**, bied op 24 September 2008 aan: **The Boys are Back in Town**.

Alle fondse is ten bate van **CHOC** Childhood Cancer Foundation Johannesburg.
Pryse: R150 per persoon (eetgoed word voorsien) of R125 per persoon (bring eie eetgoed)

Childhood Cancer Foundation South Africa
"Keeping more than hope alive"

Kaartjies is slegs by die gemeentelike kerkkantoor beskikbaar.
Kontak Elna by 011 787 4893 ElnaV@nhk-randburg.org.za
of ds CJ van Wyk by 011 787 3020 / 082 898 2345
cjvwyk@nhk-randburg.org.za

Terug na Voorblad

- Nuut by **to care**

Salomie Webb het gedurende Julie as die nuwe projekbestuurder diens aanvaar by die **to care** foundation. Sy het by Tharina Spoelstra oorgeneem en sal voortaan verantwoordelik wees vir die bestuur van huidige projekte van **to care** en AIM, asook identifisering van nuwe projekte.

Marionette Botha het gedurende Junie as die nuwe administratiewe beampte diens aanvaar by die **to care** foundation en sal voortaan verantwoordelik wees vir die administratiewe bestuur van die **to care** kantoor.

Marionette Botha, Salomie Webb en ds Johan Smit

- **Skenk lewe. Skenk ’n orgaan**

Augustus is Orgaanskenkingsmaand. Die Stigting vir Orgaanskenking loods vanjaar ’n intensiewe bewusmakings-veldtog om Suid-Afrikaners aan te moedig om orgaanskenkers te word.

Lees in *Konteks* van Augustus 2008 die aangrypende verhaal van Melanie en Trevor Gird, ’n suster en broer wat albei hartoorplantings gehad het. Deel in die dankbaarheid van hul moeder, wat sê: *Ons leef met ’n vreugde en waardering. Die kinders dra die sny op hul bors soos ’n kroon op die kop – dis die sigbare teken van God se genade in ons lewens!*



Indien u nie ’n intekenaar is nie, kan u die betrokke uitgawe teen R10 bestel van SENTIK.

Skakel mev Cecile Naudé by 012 322 8885
of kontak haar per e-pos by sentik@nhk.co.za

Terug na Voorblad

- **Aansoeke word ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSKAP**

Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger vir ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

NAVRAE
Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

AANSOEKE MET CV VOOR 31 AUGUSTUS 2008 AAN
Die Mannekragbestuurder
Mnr P Beukes
Posbus 2368
PRETORIA
0001

- **DIEPSEE HENGELVAKANSIE IN 'TOFO' MOSAMBIEK**

4 PERSONE 7 DAE, DIE VOLGENDE INGESLUIT:
VERVOER VANAF KOSTER/PRETORIA NA TOFO EN WEER TERUG, ETES, VERBLYF, BOOT EN STOKKE VIR HENGEL.
DATUM AANPASBAAR BY WENNER. BRING SAKGELD EN PASPOORT. KAARTJIES SLEGS R50.
TREKKING 6 SEPTEMBER 2008.

AANGEBIED DEUR GEMEENTE KOSTER
KONTAK: KOOS VORSTER 072 403 2518
MARTIN VORSTER 082 874 7642
Prys ter waarde van ongeveer R30 000!!!!

- **BYBELFEES: AFRIKAANS 75**

Die Bybel in Afrikaans is vanjaar 75 jaar oud. Daar is nog heelwat mense wat die opgewondenheid kan onthou toe die volledige Bybel in Afrikaans in 1933 vir die eerste keer verskyn het. Daardie Bybel was vir baie jare die bron van kennis van God se ontferming oor die mensdom, en het baie mense na Hom gelei. Dit is voorwaar 'n rede om dankbaar te wees en fees te vier.

Daar is 'n dankfees in Pretoria gereël vir mense in die omgewing: Dit vind plaas vanaf 15:00 op 10 Augustus in die Senotaafsaal van die Voortrekkermonument. Alle belangstellendes word hartlik daarheen uitgenooi. Die program sal onder meer uit die volgende bestaan:

- Orrelspel deur Riaan Steyn
- Samesang
- Koorsang deur die F Kruis-koor onder leiding van Attie Rossouw
- 'n Kooritem deur die Laerskool Garsfontein onder leiding van Amanda Nothnagel
- Die Feesdiens gelei deur die Voorsitter van die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap, ds CJA (Tony) Simpson
- Sangitem deur Piet Smit
- Die bekendstelling van die gedramatiseerde oudioweergawe van die 1983-vertaling van die Nuwe Testament, Psalms en Spreuke in Afrikaans

Daar is met die beheerliggaam onderhandel dat 'n toegangsfooi tot die terrein van slegs R10 per motor gevra sal word. Toegang tot die Senotaafsaal is gratis. Kom gerus vroeg, want die saal word per wenteltrappe bereik. Daar is 'n hyser vir gebruik deur persone met gestremdhede.

Die verrigtinge behoort teen 16:30 ten einde te loop.

Dit sal 'n fees wees waar ons aan ons dankbaarheid uiting gee omdat die kosbare kleinood reeds 75 jaar in ons eie taal beskikbaar is. Ons sien u graag daar!

Navrae: Ds Wilhelm Steyn, Bybelgenootskap van Suid-Afrika
steyn@biblesociety.co.za. Tel 011 970 4010 en 083 448 2134

Terug na Voorblad

Basaar en Trekkerskou

Nederduitsch Hervormde Kerk, Middelburg, Mpumalanga
Datum: 2 Augustus 2008
Plek: hv Bhimy Dlamini (Voortrekkerstr) en Cowen Ntuli (Hendrik Potgieterstr)
Basaar bied: Stalletjies (kos en ander), speletjies asook stoomtrein- en trekkerritte vir die kinders
Trekkerskou bied: Uitstalling van ou en nuwe trekkers sowel as gerestoureerde trekkers + inligtingsboekie met besonderhede van trekkers wat op skou is
Kontak: 013 243 3949

■ **NAVI REDD. Suid-Afrika se top a cappella-groep tree op in die Kempton Park Burgersentrum**.
Vir meer inligting oor NAVI REDD besoek gerus hul webwerf by www.naviredd.co.za

Datum: 16 Augustus 2008
Tyd: 18:00 vir 19:00
Koste: Kaartjies wissel van R50 tot R120 per persoon

U kan Anneline of Rita kontak vir bespreking of verdere inligting by die onderskeie nommers 082 9247 344 of 082 323 5609.
Fondse ten bate van die NHKA Kemptonpark-Oos. God se hawe van hulp en hoop. www.kpo.co.za

■ **Jagkompetisie aangebied deur Gemeente Louis Trichardt**
'n Eland, blouwildebees en rooibok in 'n jagpakket teen net R150 per inskrywing! Dit is wat u kan wen. Die jaggeleentheid vir die wenner en een metgesel strek vanaf Donderdag 28 tot Sondag 31 Augustus 2008. Dit vind plaas op Plaas Hermanus van mnr Willem van der Merwe in die Soutpansberg-distrik (ongeveer 450 km vanaf Pretoria). U bring net u eie kos, drinkgoed, beddegoed en handdoeke. Sou u nie al drie spesies met hierdie geleentheid kon skiet nie, kan dit met 'n ander geleentheid gebeur in oorleg met die plaaseienaar. Indien u glad nie jag nie maar wel die vleis of biltong wil hê, kan u iemand anders in u plek stuur. Andersins kan u die jagtydperk in die pragtige bosveld kom geniet terwyl die plaaseienaar vir u die jagwerk doen. Dit is vanjaar die enigste jaggeleentheid op die plaas aangesien die plaaseienaar geen ander jaggeleenthede vir vanjaar toelaat nie. Die inskrywings sluit op 1 Augustus 2008. Gemeentes en skole kan gerus ook inskryf en, sou hulle wen, kan hulle óf die wild kom skiet óf dit weer as 'n kompetisie ten bate van hulle eie fondse aanbied.
Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550 of Willem van der Merwe by 082 257 7482.

Horison Bergfietspretresies

Datum: Saterdag 16 Augustus 2008
Tyd: 07:00 – 12:00
Plek: Logwood Bike Haven, Muldersdrift
Spanne: 2 – 5 fietsryers per span/aflos
Koste: R200 per span
Kontak: Bets 083 408 4005
Tinus 082 577 4067
Inskrywings: Enteronline (www.entrytime.com)
Meer inligting: www.nhk.org.za

PRET VIR OUD EN JONK! VERMAAK VIR DIE KINDERS!
HEERLIKE EETGOED TE KOOP!

Terug na Voorblad

■ **BUFFELFEES : 1-3 AUGUSTUS 2008**

Gemeente Marikana se jaarlikse Buffelfees vind plaas oor die naweek van 1 tot 3 Augustus 2008 by ATKV Buffelspoort. Sowat 4 000 mense word by die fees verwag.

Die fees begin die Vrydagaand met die gewilde storievertellervermaak, **Maak-'n-Las**, wat deur Zack du Plessis aangebied word. Gaste op die program sluit die alomgewilde oud-SA krieketspeler Fanie de Villiers in, die veelsydige vermaaklikheidster Dusty Gibson en nog vele ander. Verskeie aanloklike pryse en spesiale aanbiedings by verskillende vakansie-oorde kan ook dié aand opgeraap word.

Kaartjies vir die vertoning beloop R200 per persoon en sluit 'n smullekker potjiekosete in soos net Andries Krogmann dit kan voorberei, asook 'n kaartjie vir die prystrekking van 'n jagpakket met 'n totale waarde van R35 000.

Die Saterdag tree 'n verskeidenheid sang- en vermaaklikheidskunstenaars vanaf 09:00 tot laatmiddag op. Heelwat boere- en kunsmarkstalletjies sal ook produkte uitstal. Ander aktiwiteite sluit 'n babakompetisie, kleuteratletiek en landloop in.

Kom smul gerus aan die spesiale resep buffelwors, -biltong en -*platters*, asook verskeie ander kosbedienings. Vir kinders en energiekes is 'n klimmuur en heelwat ander vermaak beskikbaar. Die fees word Sondag afgesluit met 'n erediens in die Buffelsaal.

Vir **besprekings** van kaartjies vir Maak-'n-Las of stalletjies kan die volgende nommers geskakel word: Sarie (014 572 3125), ds Neels van Tonder (072 633 3367), Hennie (083 325 3177). Daar is nog beperkte plek beskikbaar vir feesgangers wat vir die hele naweek by die oord wil bespreek.

■ **Prof Bieks Beukes** is tans beskikbaar vir onderstaande dienswerk in die Kerk:

Gewone eredienste en bevestiging van huwelike

Brugpredikant:

- Om vakante gemeentes vir enkele maande (of so lank as wat nodig is) te help om te beroep of om oor te gaan na 'n ander bedieningsfase.
- Om gemeentes wat in 'n doodloopstraat beland het, in die kortste moontlike tyd te lei om hoopvol weer die toekoms in te gaan.

Senior lidmate

- Begeleiding, ondersteuning en toerusting deur middel van diensgroepe, Bybelstudie, sieke- en hospitaalbesoek, traumahantering, pastorale gesprekke, uitstappies, toere en fondsinsameling.

Ander gemeentewerk

- Begeleiding van persone wat trauma beleef.
- Assessering en terapeutiese begeleiding van huwelik-ouerkind-probleme.
- Toerusting op elke terrein van die bediening.
- Implementering en instandhouding van 'n gemeentebouprogram.
- Beplanning en generering van fondse.
- Kerkbestuur (beplanning, organisering, leiding, kontrole).

Prof Beukes het jare se ondervinding van gemeentewerk, opleiding en voortgesette opleiding van predikante, veral wat praktiese werk in gemeentes betref. Verder was hy betrokke by die ontwerp en aanbieding van kursusse in die Kerk. Gedurende die laaste twee jaar het hy as brugpredikant twee gemeentes gehelp om weer goed te funksioneer.

Hy het ook die onderstaande spesialiteitskursusse voltooi:

- Gewone en gevorderde kursusse in beplanning en bestuur
- Kurrikulumontwerp

Terug na Voorblad

- Kursus in beïnvloedingsvaardigheid
- GETP-kursus
- Getrouegetuiekursus
- RP-kliniek se kursus in huweliksberading en hantering van trauma op verskillende terreine

Verwysings: Dr SP Pretorius (Kerkkantoor) 012 322 8885
Dr JC van der Merwe (Kemptonpark-Oos) 082 859 7412

Prof Beukes se adres en telefoonnommer is:

Privaatsak X09
Suite 415 Postnet
Queenswood
072 036 4960

■ **Gemeente Alberton** bied op 1 Augustus 'n *Eden*-konsert by die *Alberton Rugby Stadium* aan. Kaartjies is R60 per persoon. Die konsert begin om 19:00 maar die hekke open reeds om 17:00. Daar sal verskeie kosstalletjies wees, onder andere pannekoek, ribrolle, boereworsrolle, *cheese grillers*, sop en broodjies. Koeldranke sal te koop wees. Bring asseblief kampstoele en komberse saam.

Kom kuier saam met *Eden* en geniet terselfdertyd jou aandete.

Vir kaartjies, kontak Ronell Ohlms 011 907 4598/084 251 2550/conveyancing@heysteka.co.za of Rosina Price 011 869 8824/084 816 2392.
Maak gou. Hierdie is tans een van Suid-Afrika se gewildste Afrikaanse sanggroepe!

■ **JAARLIKSE MUSIEKFEES – Krugersdorp-Noord**

Gemeente Krugersdorp-Noord bied weer hul jaarlikse Musiekfees aan op Vrydagaand 22 Augustus 2008 om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger- en Presidentstraat, Krugersdorp.
Die F # koor onder leiding van Attie Rossouw tree op. Attie rig verskeie kore af. Die orreluitvoering word gedoen deur Janandi van Schoor, wat so pas 'n CD uitgereik het saam met Wim Viljoen en ander kunstenaars.
Saam met haar tree ook die violis Günther Höne en die hobospeler Cameran Harris op.

Plaaslike kunstenaars tree ook op: Hoërskool Noordheuwel se koor, Paul Obermeyr, Marius Mynhardt, Rianda Fourie. Samesang sal ook plaasvind. Moenie hierdie uitmuntende geleentheid misloop nie.

Navrae: Ds Johan en Marita Fourie 011 953 1402 / 072 278 1456. Koste is R50.

■ **BYBEL PRETLOOP**
Plek: Voortrekkermonument
Datum: 9 Augustus 2008
Afstand: 5 km en 10 km
Tyd: 08:00
Medaljes vir almal. Navrae:
082 962 2870 of 012 370 3513

Terug na Voorblad

■ **UITNODIGING NA OPENBARE LESINGS EN SIMPOSIUM OOR PUBLIEKE TEOLOGIE 4 EN 5 AUGUSTUS 2008**

Prof William Storrar, 'n leidinggewende publieke teoloog, eerste president van die Global Network for Public Theology en huidige direkteur van die Center of Theological Inquiry, Princeton, VSA, besoek op 4 en 5 Augustus die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria op uitnodiging van die Sentrum vir Publieke Teologie.

Prof Storrar sal Maandagoggend 4 Augustus vanaf 09:00 twee openbare lesings oor die tema *Public theology in a global era* in die Inligtingstegnologiegebou saal 2-27 op die hoofkampus van UP hou. Die eerste het as onderwerp: *Public anger: creating an inclusive global public sphere* en die tweede *Public spirit: the global citizens' gift*. U word hartlik uitgenooi om dit by te woon en ook vriende saam te bring.

Die openbare lesings word opgevolg met 'n simposium waar 'n tiental leidinggewende publieke teoloë in Suid-Afrika in respons op prof Storrar hul eie visie sal bied oor *Responsible South African public theology in a global era: perspectives and proposals*. Dié simposium sal Maandag 4 Augustus van 14:00-17:30 en Dinsdag 5 Augustus van 09:00-16:00 duur. Dit word gehou in 'n kleinerige seminaarkamer by die NG Gemeente Pretoria-Oos se kerkkompleks. Ons het nog ruimte vir slegs 15 persone wat die simposium wil bywoon. Bywoning sal R120 kos (middagetes Maandag en Dinsdag asook tee en koffie ingesluit). Indien u die simposium wil bywoon, laat weet prof Etienne de Villiers, die direkteur van die Sentrum vir Publieke Teologie, asseblief onmiddellik per e-pos (e-posadres: etienne.devilliers@up.ac.za). Dit is 'n geval van eerste kom, eerste maal.

■ Die Moderamen voer op 11 Augustus **gesprek met die VGK** (Verenigende Gereformeerde Kerk) in opdrag van die 68ste Algemene Kerkvergadering. Dit is een van die gesprekke om plaaslike ekumeniese bande aan te knoop en te versterk.

■ Die President van die **WARC, dr Clifton Kirkpatrick**, besoek lidkerke in Suid-Afrika in Augustus. 'n Gesprek tussen hom en lede van die Kommissie van die AKV en die Raad vir Ekumene word beplan om te handel oor die Kerk se aansoek om lidmaatskap by die wêreldliggaam. Prof Theuns Dreyer sal die gesprek lei. Meer besonderhede in dié verband sal later deurgegee word.

■ Die Moderamen het op 24 Julie 'n sinvolle gesprek gevoer met die **Raad vir Pastoraat en Presbiteraat**. Die Raad is besig om aan al die opdragte van die 68ste Algemene Kerkvergadering aandag te gee en het reeds ver gevorder daarmee. Ten spyte van sy siekte gee dr Hennie van Deventer, voorsitter van die Raad, uitmuntend leiding. Daar word veral deeglik aandag gegee aan die welstandsprogram vir predikante en ernstig besin oor die werk van ouderlinge. Die gedagte wat reeds telkens geopper is dat daar 'n afsonderlike Raad vir Ouderlinge behoort te bestaan, geniet ook aandag.

■ Voor die einde van die jaar sal die **Moderamen met al die rade gesprek voer**. Rade se werktydperk loop reeds teen die einde van 2009 ten einde. Daarna is daar nog net genoeg tyd om verslae voor te berei vir die Algemene Kerkvergadering.

■ **Betrokkenheid van die Taakspan**
Kerkrade word daarop gewys dat alle sake of beplanning waarby hulle die Taakspan wil betrek, eers na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwys moet word. Die Taakspan werk in opdrag van die Kommissie en kan nie op sy eie take aanvaar en uitvoer nie. Die Taakspan is baie gewillig om te help, maar kan niks doen sonder opdrag en kennisname van die Kommissie nie.

Terug na Voorblad

■ **Brugpredikante**

Daar kom die afgelope tyd heelwat versoeke van kerkrade om van brugpredikante gebruik te maak. Dr Christo van der Merwe, voorsitter van die Taakspan, het onderneem om so gou moontlik in ’n omsendskrywe wat ook in *Die Hervormer* gepubliseer sal word, duidelik uiteen te sit wat die werk van ’n brugpredikant behels. Normaalweg vra gemeentes eintlik pastorale hulp wat deur ’n beroepafwagtende predikant of emerituspredikant gelewer kan word. Daar is ongelukkig nie baie emeriti wat bereid is om hulle huise toe te sluit en vir maande in ’n gemeente te gaan woon en werk nie. Baie is wel bereid om vanuit hulle huise die werk te gaan doen. Verder moet begryp word dat beroepafwagtende predikante ander werk het en dit nie kan los om vir ’n maand of twee in ’n gemeente te gaan werk nie.

■ **Die volgende vergaderings word in die volgende week op die gewone vergaderplekke gehou:**

- **Die NHSV Dagbestuur** op Saterdag 2 Augustus
- **Redaksie van *Konteks*** op Maandag 4 Augustus om 09:30
- **AIM-komitee** op Dinsdag 5 Augustus om 09:00
- **Die Ondersteuningsraad** se Direksie op Woensdag 6 Augustus om 10:00
- **Die Direksie van Ons Tuis** op Donderdag 7 Augustus om 14:00
- **Die Pensioenraad** op Vrydag 8 Augustus. Om 10:00 die Predikantepensioenfonds en om 13:00 die Personeelpensioenfonds.

Sperdatum vir berigte, advertensies en kennisgewings

Lesers moet asseblief daarop let dat alle berigte, advertensies en kennisgewings vir publikasie in die *e-Hervormer* voor **Dinsdae om 17:00** gestuur moet word aan *nuus@hervormer.co.za*. Insette wat later as hierdie spertyd ontvang word, sal eers in die volgende week se uitgawe verskyn. Alle insette is onderhewig aan goedkeuring en redaksionele verandering waar nodig.

Terug na Voorblad